BIBLIOTEEK
IN U LIG
P.U.K. vir C.H.O.

# Die WAPAD

Deel V. No. 3. 5 MEI 1950. 3/- per jaar.


# P.U.K. WORD SELFSTANDIG

## PROF. POSTMA SE LEWENSIDEAAL VERWESENLIK.

**Op 25 April 1950 is ons Wet vir die derde keer gelees in die Senaat. En daarmee is die laaste woord oor ons wet in die Parlement gespreek wat 'n langdurige stuk werk beëindig het.**

**Vir ons rektor, prof. dr. F. Postma, moes dit 'n baie groot dag gewees het, want op dié dag is bekroon die ideaal waarna hy in die besonder, en baie andere saam met hom, vir byna 'n menseleeftyd gestreef het.** Toe prof. Postma nog student, saam met dr. J. D. du Toit, aan die Vrye Universiteit, Amsterdam was, het hy en sy studentemaat in die verre verskiet reeds gesien 'n vrye universiteit in Suid-Afrika. Na sy terugkeer het hy hom gevoeg as professor aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Potchefstroom. Tot 1918 het hy aan die Departement en na 1919 aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike hoër onderwys gewerk. Toe hierdie inrigting in 1921 ingelyf is as saamstellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika, en wel onder die teleurstellende naam: die Potchefstroom Universiteitskollege, is hy benoem tot die

(Vervolg op Bls. 5, Kol. 1).



Prof. F. Postma (heel regs) word hier deur prof. Van Rooy op Potchefstroom stasie by sy terugkeer vanaf Kaapstad verwelkom

(Foto: ,Die Transvaler')

# Die Wapad.

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur** P. J. W. Louw. **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse.

**Subredakteure:** D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** C. Malan (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Randt.

# REDAKSIONEEL

*Die Betekenis van die selfstandigwording van P.U.K.*

Die finale bekragtiging van die wetsontwerp om aan ons Alma Mater die status van 'n selfstandige Universiteit te verleen, het ons almal met vreugde vervul, maar nou dat die opgewondenheid meet tot bedaring kom, nou dat ons vir 'n paar oomblikke tot nadenke gestem kan word, kom dié ernstige vrae by ons op: Wat is presies die betekenis van hierdie verwikkeling? Besef ons werklik die grootheid en die omvang van hierdie gawe uit Gods hand?

Die diepste betekenis hiervan kan alleen besef word deur diegene wat vir soveel jare onverbiddelik daarvoor gestry en geveg het. Daarom kan die student hom nie waag om met gesag hom oor hierdie saak uit te spreek nie. Slegs 'n floue oorsig van hierdie grootse betekenis kan die resultaat van die grootste inspanning wees. Die diepere betekenis van die selfstandigwording van ons inrigting lê daarin dat ons daardeur in staat gestel word om ons doel en grootse strewe van Christelike hoër onderwys beter te kan uitlewe. Uit 'n klein groepie studente en dosente het ons inrigting gegroei en gebloei om ten spyte van terugslae en donker dae wat sy bestaan bedreig het., vandag sterk genoeg te wees om op eie bene te staan. Die Potchefstroomse Universiteits-kollege het tot die status van mondigheid gekom—hy is groot en sterk genoeg om selfstandig te staan en selfregerend te wees en verantwoordelik genoeg om van nou af in al sy weë verantwoording te doen aan sy volk en sy God.

Die selfstandigwording beteken vir ons vryheid—vryheid in die ware sin van die woord—vry om na die beste van ons vermoë te trag om die wil van God te doen.

Die fakulteite, kursusse (en leerplpanne) en die eksamenstelsel sal so inge-rig word dat die beginsel van ons universiteit beter tot sy reg kan kom as in die verlede. Voorlopig sal die fakulteite dieselfde bly, maar die nuwe leerplanne en eksamenstelsel sal onmiddellik nadat die ratwerk van ons onafhanklike universiteit in werking begin tree, geleidelik ingevoer word.

Langs hierdie en ander weë sal ons inrigting 'n poging aanwend om sy roeping as Christelike universiteit in ons land te vervul. Sy vryheid sal hy gebruik en die mag van selfregering sal hy in diens daarvan stel om manne en vroue op te lei tot georienteerde Calviniste wat van hier uitgaan om in ons land en volk as aktiewe kragte en steunpilare te dien te midde van die gevare van Liberalisme en Kommunisme wat ons volksbestaan bedreig.

As ek iemand wil hê, wil ek nie iemand anders hê nie.

* * *

Die toets van 'n man is hoeveel daar nodig is om hom te laat lieg.

* * *

Al ons groot manne is in die graf.

Ja is uitstel, nee is kontant.

* * *

Die lewe is 'n reeks onderbrekings wat deur die dood onderbreek word.

* * * *

Alle paaie lei na Rome—en weg daarvandaan.

## J.N.J. KRITZINGER

FOTOGRAAF

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**

**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**

**POTCHEFSTROOM.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

## *VAN S.R.-WEË . . . . .*

Die saak wat in ons almal op die oomblik van die allergrootste belang is, is dat ons voortaan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. sal wees. Ons inrigting het selfstandig geword. **Hy het homself geword.** Volgende jaar sal die feestelikhede eers in aanvang neem. Berei u dus noual voor op 'n twee-weeklikse vreugde betoon gedurende 1951.

In hierdie verband wil die S.R. namens ons studente, die Senaat hartlik bedank vir die vakansiedag op 27 April en aan u, studente, vir u pragtige gees met ons spontane vreugdeoptog en ons funksie die aand.

Lees die hoofartikel i.v.m. die selfstandigwording.

**Graag wil die Studenteraad namens hulself en die studente ons hooggeagte rektor prof. dr. F. Postma ons hartlike gelukwensing oorbring met die seëning waarmee sy grootse ideaal bekroon is. Ons deel met graagte in u geluk.**

**W. J. DE KLERK**
**(S.R. voorsitter).**

Die S.R. is besig met 'n grondige ondersoek en beleidsvaslegging i.v.m. die Konserwatorium-studente en hulle skakeling met die P.U.K. studentelewe.

Die S.R. wil ons eerste-, tweedeen onder-negentien voetbalspanne gelukwens met die prestasies tot dusver behaal. Nog geen enkele onderspit is gedelf nie. Ons hartlike gelukwensing aan die Voetbalklub.

Wat die ander klubs betref: Sukses met die wedstryde wat voorlê.

Onder baie moeilikhede en hindernisse kon die S.R. darem ons atletiekspan na die Dalrymple-byeenkoms gestuur het. Ons vertrou dat hulle sal presteer. Ook wil die S.R. sy spyt uitspreek dat Mejj. du Preez en Ludolff nie die span kon vergesel nie. As dié omstandighede deur misverstand veroorsaak, nie daar was nie, sou hierdie twee dames sekerlik hoé prestasies gelewer het.

* * * *

Die S.R. wil alle studente wat grade sal ontvang, van harte gelukwens. Ook wil ons 'n oproep doen aan al die

(Vervolg op Bls. 7, Kol. 2).

## Oordenking.

Koloss. 2: 3: **„Christus in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is."**

In hierdie woorde lê opgesluit die volle, ryke betekenis van die woorde: „In U lig." Die apostel Paulus skryf aan die Kolossense dat God aan sy heiliges, ook aan die wat uit die heidene geroep is, wou bekend maak wat die heerlike rykdom van hierdie verborgenheid is. Dié verborgenheid is Christus onder hulle. Selfs nie een heilige onder die Ou Verbond kon ook maar in die minste besef die groot rykdom wat God in Christus aan Jode en heidene geopenbaar het nie. Wat verborge was, het God nou aan die lig gebring.

In Christus lê die volheid en volkomenheid gewaarborg. Wie buite Hom om tot volheid en volkomenheid wil geraak, dwaal. Ook die wetenskap dwaal as dit meen om lig op die menigvuldige vraagstukke te werp buite Christus om.

Die dwaalleraars wat in die gemeente van Kolosse ingesluip het, wou dit die gemeente wysmaak dat hulle die volmaaktheid sou bereik deur 'n praktyk van askese. Dan sou hulle 'n diepte van insig en 'n kennis verkry wat die gemeente sou verhef tot 'n peil waarop hulle deur die helpers van Paulus nie gebring is of gebring kan word nie. Hulle sou eers die volledige wysheid bring.

Nee, sê die apostel: wie deur die geloof in Christus ingeplant is, het in Hom alles, is in Hom volmaak. Buite Christus het hy niks te soek nie.

In Hom is al die skatte van wysheid en kennis verborge. „Wysheid sien op die insig in die samehang en die geheel van die verlossingswerk, kennis op insig in die betrekking van die Seun tot die Vader en die geskape wêreld. Die twee hang ten nouste saam." (Dr. J. A. C. van Leeuwen).

Die wetenskap het veral te doen met die betrekking van die Seun tot die geskape wêreld. Hy is nie alleen Herskeppingsmiddelaar nie, maar ook **Skeppingsmiddelaar.** Terselfdertyd kan ons nie skeiding gaan maak tussen hierdie twee ampte van Christus nie. Wie die werk van die Seun in

(Vervolg op Bls. 8, Kol. 3).

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
**Apteker**
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
* * *
**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

**BLACK'S**
DAMES EN MANS
UITRUSTERS
* * *
**Posbus 197. Foon 179.**
**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

VAN BLOMMESTEIN'S
**BOTTELSTOOR**
**NUWE GEBOUE**
(Regoor Standard Bank)
**King Edwardstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."
Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!
KRY DIE BESTE !

PLAZA - KAFEE
(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).
* * *
Vir——
GOEIE EN NETJIESE DIENS,
Probeer die
**PLAZA,**
**Die Sportman se Kafee.**
**Foon 249.** **Kerkstraat 109.**

KOM NA——
POTCHEFSTROOM
**HANDELAARS**
Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.
**Fone: 259 & 250.**
**POTGIETERSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.
**KERKSTRAAT 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

# DIE OPENING VAN DIE KONSERWATORIUM VIR MUSIEK

**„Ons volk het besondere vordering gemaak, maar op die gebied van musiek het ons agtergebly," het Mnr. J. P. Malan, Inspekteur van Onderwys, wat opgetree het namens die Administrateur van Transvaal, Dr. Wm. Nicol, gesê tydens die amptelike opening van die Konserwatorium Woensdagaand 29 Maart in die plaaslike stadsaal. „Mag hierdie inrigting ruim bydra om 'n groot bate te wees in ons sonnige Suid-Afrika."**

Prof. J. C. van Rooy, waarnemende Rektor van die P.U.K. het in kort die geskiedenis geskets wat aanleiding daartoe gegee het dat die Raad van die P.U.K. in Junie 1948 in beginsel goedgekeur het dat daar sodanige inrigting daargestel moet word. Ook het hy daarvan melding gemaak dat die Stadsvaders groot dank en waardering aan die P.U.K. verskuldig is om 'n skenking van £5,000 aan die inrigting, wat dit moontlik gemaak het vir die oprigting van 'n Musiekonserwatorium. Prof. van Rooy het ook gewag gemaak van die skenking van die Regering, 'n som ten bedrae van £2,600. Die Konserwatorium het met 160 leerlinge begin, maar inskrywings het toegestroom, sodat daar tans meer as 200 studente is en gevolglik moes daar vier addisionele leerkagte aangestel word, het hy gesê.

Die Burgemeester, Mnr. Holtzhausen, het in 'n saaklike toespraak die hoop uitgespreek dat die inrigting sal groei van krag tot krag en gesê dat die Stadsraad altyd sy ondersteuning sal gee aan die P.U.K. en die Musiekkonserwatorium.

Mnr. Malan, Inspekteur van Onderwys het die Administrateur se boodskap voorgelees en aldus ge-eindig: **„Mag u nuwe onderneming groei en bloei tot verheerliking van God en tot heil van ons volk."** Ook namens die Onderwysdepartement het Mnr. Malan gelukwensing oorgedra, en daaraan toegevoeg dat hy trots voel dat dit die eerste universiteit is in Transvaal wat de moed gehad het om die saak aan te durf. Hy wil vertrou dat die P.U.K. in hierdie onderneming beloon sal word. Verder wens hy die P.U.K. Gods rykste seën toe met hierdie onderneming. **„Mag dit 'n magtige faktor word wat sal bydra tot die volkskuns, en van ons volk 'n singende volk maak!"**

In sy toespraak het Mnr. M. C. Roode, hoof van die Konserwatorium, teruggekeer tot die daad van die Stadsraad **„omdat,"** so het hy gevoel, **„groter sentra dit moet weet."** Daarby wil hy sy dank uitspreek aan die Stadsvaders vir die mate van vertroue gestel in die stigters van die Inrigting toe dit nog maar in die beginstadium was. Hy was veral ook getref deur die boodskap van die Rektor waarin o.a. ook verklaar word: **„U gaan hierdie onderneming in die geloof aanpak."** Hy het voorts daarop gewys



Mnr. M. C. Roode.

dat die leerkragte 'n groot taak het om uit te leef. Nie alleen het hulle baie moeilikhede om te oorkom nie, nie alleen het hulle 'n plig i.v.m. die opleiding van onderwysers nie, maar ook het hulle 'n sekere verpligting teenoor die gemeenskap van Potchefstroom. Musiekuitbouing is hier baie nodig en die Konserwatiroum kan help om die musiekbewustheid aan te wakker en vrugbaar te maak.

Sang en klaviernommers is onderskeidelik voorgedra deur twee leerkragte van die Konserwatorium nl.

(Vervolg op Bls. 12, Kol. 2).

# DIE GROOT DAG KOM.

**VERSIERDE VRAGMOTORS — STUDENTE-SANG — SKERTS GELD — ENS.**

**Pukkies het julle al daaraan gedink dat die einde van die jaar weer vinnig nader??? Ja . . . . toemaar ek weet, maar moenie „panic" nie, ons wil nie nou oor die eksamens gesels nie maar wel oor die VREUGDEDAG.**

**Die datum van die Vreugdedag is bepaal op die 9de September. Ons gaan kollekteer vir die volgende: Die Oue Tehuis te Potchefstroom, Die Strandfonds van „Die Vaderland," en die Kersfeesfonds van „Die Transvaler."**

Ons gaan hierdie jaar veral probeer om die P.U.K. aan die buitewêreld bekend te stel en daarom gaan ons hierdie jaar drie (3) dorpe besoek nl. Potchefstroom, Klerksdorp en Ventersdorp. Hiervoor het ons alreeds toestemming verkry. Ook wil ons probeer om by 'n paar van Klerksdorp se „voorstede" o.a. Orkney e.a. aan te doen. Hieroor sal ons nog met die Outoriteite onderhandel.

Ons het reeds Fakulteitsvergaderings gehou en die volgende Fakulteitshoofde is verkies: B.A., Mnr. V. E. d'Assonville, B.Sc., Mnr. J. Steenekamp en B.Comm. Mnr. A.P.S. v.d. Merwe. Ook het ons alreeds vlothoofde vir die verskillende vlotte gekies. Ons hele organisasie is reeds agtermekaar. Al wat ons as Hoofbestuur en as Studentegemeenskap van mekaar verwag Pukkies is die volgende:

(a) **Stuur aan ons oorspronklike idees vir die bou van Vlotte** (onthou net Pukkies dit moet so ekonomies moontlik wees, ons is nou nog platsak maar deur julle oorspronklike idees kan ons beursies een van die dae bars).

(b) **Skrywe vir die „Pukkie."** Hoe meer stof ons het hoe meer sal julle en die buitewêreld ons blad geniet. Ons kan almal skrywe Pukkies probeer net en wat is die gevolg—'n skitterende Vreugdedagblad.

(c) **Stuur aan ons idees om die funksie van die aand na die optog in Strate (want so iets sal daar ook wees) 'n sukses te maak. Stuur aan ons wenke in verband met sykraampies, speletjies, ens. Stuur al julle idees, wenke ens. aan die volgende persone:**

**Mej. Monica Venter.**

**Mnre. Styger, J. H. van Niekerk, A. S. Smit.**

Kom nou Pukkies dit is julle Vreugdedag. Dit is julle Vreugdedag wat 'n sukses moet, kan en sal wees. Ons steun op julle samewerking en hulp, neem julle penne op en skrywe, krap julle koppe en dink. Pukke ons weet julle kan 'n ding doen.

P. J. VENTER,
(Voors. Vreugdedag Hoofbestuur).

---

(Vervolg van Bls. 1, Kol. 1).

eerste rektor. En nou in 1950 is hy nog rektor—vir meer as 29 jaar is hy onafgebroke aan roer van sake gewees.

**Maar belangriker as sy werk as rektor is sy onvermoeide stryd vir die verkryging van Christelik hoër onderwys. Direk na die inlywing het hy en sy medewerkers die stryd aangeknoop om die kenmerkende „van" vir ons inrigting terug te kry. In die onderneming het hy geslaag toe in 1933 by wetgewing ons inrigting sy volle naam teruggekry het, nl. die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik hoër onderwys. Wat ons in 1921 by wet moes prysgee, het ons in 1933 weer by wet teruggekry.**

Maar as inrigting het ons nog steeds gewerk onder die sgn. gewetensklousule. As saamstellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika, moes ons inrigting onder die wet van daardie universiteit voortwerk, en moes ons maar so goed dit kon sorg vir die voortgestaan van ons eie Christelike onderwys.

Nou met die aftakeling van die Universiteit van Suid-Afrika en met die vinnige groei van ons eie inrigting. het die finale geleentheid gekom. Ons moes 'n selfstandige universiteit word, maar 'n Universiteit vir Christelik hoër onderwys.

**Die taak om die universiteitswet te ontwerp het geval op die skouers van ons rektor.** Hy het die taak op sy bekwame wyse deurgevoer, so goed

(Vervolg op Bls. 12, Kol. 1).

*Studente!*

As u gaan Fliek, of in die dorp kom

BESOEK

**ASTRA MILK BAR**

**(LANGS DIE GRAND).**

DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

---

EXCELSIOR MEUBELS

Beperk.

Ons lewer die beste gehalte MEUBELS teen die laagste pryse.

Besoek Ons en ons verseker U van ons beste dienste.

VERTOON LOKAAL:

**Foon 743. Kerkstraat 132,**

---

F. ZEILER

**Potgieterstraat 40. Foon 344.**

**Potchefstroom**

vir al u benodigdhede i.v.m. die Skoonmaak van u woning.

**VERF,**

**GLAS,**

**PLAKPAPIER,**

**ens.**

---

BESOEK

LAURETAS

vir

**ALLE BREIWERK**

en die nuutste modes in

**KOSTUUMS.**

**Kerkstraat 45,**

**POTCHEFSTROOM.**

## IN DIE KALKLIG.

**Bets K.:**
„Die mans hier op die P.U.K. is darem so sonder inisiatief, so sonder avontuurlus, hulle wil 'n mens nie eens sleep nie."

* * *

**Marietjie C. Jr.:**
'n Takhaarberoep op sirkusse (takbaarde). (Met die vriendelike verlof van C. J. Langenhoven).

* * *

**Beyers** (dogter van Genl. Len Beyers): Lewer vertoonfietsry voor Thaba N'Kulu. Onderwerp: Afval sonder seerkry. (Soos Roy Rogers dit doen).

* * *

**Wouter B.:**
‚Ek hou nie van agterryers as ek sleep nie."

* * *

**Emelia B.:**
„'n Apteker—net soos my pa!"

* * *

**Erika S.:**
Die stoker het eers vir **Jan Booyens** met die kolegraaf geslaan, nou het sy **Roelf** been-af geslaan (nie met die graaf nie).

* * *

**Hannes P.** (Fouché):
„As daardie Fanie Lombard nie hier op die P.U.K. was nie, sou ek die lewe geniet het!"

* * *

**Babs W.:**
Sy was nou onlangs vir die derde keer negentien.

* * *

**Annatije P.:**
„Die B-veld is tog so vol dorings. 'n Mens se fiets kry papwiele."

* * *

**Tonie L.:**
Hy skop mos beeste dood by die slagpale.

* * *


**Fanie L.:** „Ek is been-af."

* * *

**Student** (oor die telefoon):
„Juffrou, jy ken my seker nie, maar hulle noem my sommer **Kaspaas**. Dis my probleem in die lewe."

* * *

**Laurette W.** (Erika se Siamese-tweelingsussie). „Aag, Flippie is tog net my kleinneef."




## VOETBAL VOER NOG STEEDS HOOGTY!

Die voetbal-seisoen is reeds in volle swang. Vanjaar gaan daar in die voetbalwêreld weer groot dinge gebeur, al toer die „All Blacks" nie weer deur Suid-Afrika nie.

**Op P.U.K. word tot dusver 'n groot belangstelling in voetbal getoon. Dit word bewys deur die groot aantal spelers. Wat die spel vanjaar so interessant maak, is die feit dat hier 'n hoë mate van kompetisie is. Elke speler moet spook om sy plek te behou, anders is sy makker gretig om sy plek in te neem.**

Dat ons vanjaar nog lekker speel, het die afgelope wedstryde getoon. Die Onder-negentien-span het skitterend vertoon teen Brakpan (10—0). So 'n indruk het hierdie oorwinning op die breier van die span gemaak dat hy die nag byna nie geslaap het nie. Ons verwag baie van julle O.19's!

**Die „Fires"** het ons nog nie in aksie gesien nie. Ons kan net sê hulle is gevaarlik en dit voorspel niks goeds vir hulle opponente nie.

**Die „Navy"** het as oorwinnaars uit hul eerste botsing getree. Wilde manne die „Navy"-kêrels! Dink maar aan 'n senter soos **Kaspaas** en 'n voorspeler soos **Beyers**. Die „Navy" gaan vanjaar presteer!

**„Die Theos"**—die span waarop alle aandag gevestig is. Vanjaar gaan die span sy spore trap en ook nie net in Wes-Transvaal nie.

**Die twee wedstryde teen Groblersdal (3—0 en Spoorweg (9—3) is albei gewen.** As ons in hierdie span die uitstaande spelers moet noem, sal die vyftien spelers se name hier moet pryk. Onder die vurige leiding van Stoney, kan die span nie anders as om te presteer nie.

Theos, julle moet julle self handhaaf vanjaar.

Tenslotte wil ons net 'n beroep doen op elke P.U.Kaner om die P.U.K.-wedstryde op die Park te ondersteun. Al speel u nie self nie, kan u gerus die belangstelling toon om u Universiteitspanne te gaan ondersteun. Ons as spelers waardeer u belangstelling en speel baie meer as die Pukke die pawiljoen vol sit. Dankie vir die ondersteuning wat ons SAL ondervind van sowel die kant van die studente as van die personeel van ons inrigting.

### LAAT GERIGTE.

Die uitslae van die wedstryde op Saterdag 22 April is soos volg:

1ste Span wen teen Klerksdorp 16—0
2e Span wen Spoorweg .... .... .... 11—8
Onder 19 wens Proefplaas .... .... 20—0

Op die 26ste het P.U.K. 3C teen Gimnasium Hoërskool verloor 15—0.

Op die 29ste is die volgende uitslae behaal:

1ste Span wen Western Reefs 9—8
2e Span wen Western Reefs 21—3
O.19 wen 3B .... .... .... .... .... .... .... 48—5
'n noemenswaardige oorwinning.

## DAMES.

Dit is maar net nodig om elke middag die sportvelde dop te hou om tot die gevolgtrekking te kom dat daar 'n byna ongekende sportgees onder die dames wakker geword het.

**Die dameshokkie het die kwartaal begin deur die volgende persone te stuur om die Wes-Transvaalse proefwedstryde te speel:**

Mejj. H. Trunsch, H. Scheepers, F. de Wet, A. Wilkens, K. Venter, M. Calitz, S. du Preez en Mevr. Loots.

**Mevr. Loots en Mej. S. du Preez is vir die Wes-Transvaalse span gekies.** Verder het die tweede span in 'n liga-wedstryd teen Witrand 2—0 verloor. Die 2B span het ook in 'n

Vervolg op Bls. 7, Kol. 1).

## MANSHOKKIE.

Verlede Saterdag het die gedugte eerste hokkiespan van Klerksdorp die Pukke probeer kafloop. Die hokkiespan was, egter, heeltemal opgewasse teen die besoekers, en laasgenoemde moes terugkeer nadat die wedstryd gelykop geëindig het, nl. 2 elk.

Gert Fourie het die bal na 'n paar mooi bewegings, diè bal twee keer in die sifkas geklits. Die grootste gedeelte van die spel het vir die Pukke op verdediging uitgeloop, en hier was niks op hul spel te sê nie, veral waar dit 'n geval van man teen man was. Wat spanwerk betref, was Klerksdorp so effe die meerdere, maar volgende keer gaan hulle les op sê! Manne die „sjees" is daar, maar ons moet net daardie ekstra slaankrag in die spel gooi.

Die tweede span wat heelwat talent bevat was minder gelukkig teen die sterk span van Normaal, en het 3—1 verloor. Hierdie span wil ons alle sterkte toewens

---

(Vervolg van Bls. 6, Kol. 3).

wedstryd teen Handelskool 3—0 verloor. Die eerstespan het gelyk teen Dorp gespeel nl. 1 elk. Daar word nog hoë verwagtings van hierdie span gekoester.

**Die Korfbal** het vol ywer begin en die 3de en 4de spanne het al twee wedstryde agter die rug. Die tweedespan het Handelskool gewen 28—11, en die eerste span het die kroon gespan deur Huishoudskooi 52—2 te wen. Hier wil ons net weer wys op 'n voorbeeld van die studente se sportbewustheid—die S.S.B.-voorsitter, Mnr. Steenekamp ag dit selfs nie te veel om op 'n vakansiedag Huishoudskool toe te ry om 'n korfbal wedstryd by te woon nie.

**Ook die tennisklub** is vol ywer vir die nuwe kwartaal. Die dames-verteenwoordiger wil dit net graag onder almal se aandag bring dat daar die 13de Mei weer 'n tennistoernooi sal wees. Dames en here, skryf vroegtydig in,—die toernooi verlede kwartaal laat nog baie mooi herinnerings na.

**Hiermee wil ons al die Klubs sterkte toewens—ook aan die voetbal en Manshokkieklub sterkte, onthou ons dra julle belange op die hart.**





*Wapenskild van PRETORIA*

Die binneskild met 'n Romeinse Praetor daarop, is die familiewapen van Andries Pretorius wie se seun die grondslag van die stad in 1855 gelê het en dit die naam van sy beroemde Voortrekkervader gegee het. Die bome en die bye dien om groeikrag en werksaamheid voor te stel, terwyl die skild aan weerskante ondersteun word deur „Elandspoort" en „Koedoespoort"—twee plase waarop 'n gedeelte van die stad gebou is.

Die hoofstad het dus 'n eg Suid-Afrikaanse naam so eg Suid-Afrikaans soos die naam Kommando—die naam wat met trots gedra word deur die sigaret wat eg Suid-Afrikaans is omdat dit nog altyd van die keurigste produk van die Suid-Afrikaanse boer gemaak is na vermenging deur deskundiges om in die smaak te val van Suid-Afrikaanse rokers.

**RONDE**

# Kommando



**In naam en tradisie,**

**'n eg Suid-Afrikaanse sigaret**

***Koop Suid-Afrikaans—***

**—KOOP KOMMANDO**

**20 vir 1/-**
**50 vir 2/4**

C5-A

---

(Vervolg van Bls. 3,. Kol. 1).

studente om die gradeplegtigheid bytewoon en u stemme daar deeglik te laat hoor. Laat ons Potchefstroom wys wat studentegees is gedurende die plegtigheid.

Elke einde is 'n begin.

* * * *

Die na-aper aap alles na behalwe die oorspronklikheid van die nageaapte. (Pasop Dames).

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

BY

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)

**Posbus 221.** **Foon 440.**

*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
**Die Mans Klerewinkel.**

I. GLASER,
**KING EDWARDSTRAAT 83.**

Die beste vir
**OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE.**

**Diens en Waarde is ons Leuse.**

**Foon 218.** **Bus 248.**
**Potchefstroom.**

# -: *KORRESPONDENSIE* :-

Klopperstraat 12,
Potchefstroom,
26 April, 1950.

Die Redaksie,
„Die Wapad,"
P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Geagte Redaksie,

Dit is met genoeë dat ons in die uitgawe van u blad van 18 Maart kon verneem dat daar sprake is van 'n Wetenskap-vereniging. Dit is 'n behoefte wat by elke student behoort gevoel te word dat daar so'n vereniging sal bestaan aan die P.U.K. Op hierdie wyse sal die gevoel van eenheid onder ons studente baie bevorder word, aangesien ons dan ook in die akademiese lewe sal saamwerk.

Die vraag ontstaan egter: „Moet ons wegdoen met die reedsbestaande akademiese verenigings? Waarom moet ons afbreek wat reeds opgebou is?" Die student begeef hom hoofsaaklik op drie terreine van die lewe: Sport, Kultuur en Akademiese ontwikkeling. Op eersgenoemde twee terreine bestaan daar reeds 'n vaste basis waarvolgens die studentelewe ingerig word. Kan die organisasie van die akademiese lewe nie op dieselfde wyse plaasvind as dié van Sport en kulturele aangeleenthede nie? Roep byvoorbeeld 'n **„Sentrale Bestuur vir Akademiese verenigings"** (S.B.A.V.) in die lewe met dieselfde status en wyse van samestelling as die A.B.K.K. en S.S.B. Onder die **S.B.A.V.** moet al die akademiese verenigings bestaan netsoos al die sport-liggame onder S.S.B. en kuns- en kultuurverenigings onder A.B.K.K. Die **S.B.A.V.** moet ook op die Studenteraad sitting hê netsoos S.S.B. en A.B.K.K. Een van die take van die **S.B.A.V.** sal wees om te sorg vir lesings oor een of ander aktuele onderwerp of probleem.

Dink goed Pukkies!

„BUURMAN."

Ons Huis,
P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom,
29 April, 1950.

Geagte Redakteur,

Dit is by my 'n behoefte om die bestuur van die Debatsvereniging te komplimenteer met die wyse waarop hulle vir ons 'n besonder interessante programvergadering gereël en aangebied het.

Die student wat nie net na 'n vergadering gaan om in die agterste gestoelte te sit, homself en ander te verveel met afgesaagde kwinkslae, en boehaai oor nietighede te maak nie, verwag van 'n bestuur dat hulle 'n program só sal reël dat elkeen sal voel dat sy tyd ekonomies en verstandig bestee is.

En werklik, sonder om my aan vleiery skuldig te maak, wil ek sê dat genoemde bestuur ons stoutste verwagtings oortref het.

'n Kort en bondige lesing soos dié van Dr. Hatting kan mens nooit verveel nie.

Wat die musiekitems betref kan ek nie anders as om Mejj. Scheepers en van Vuuren, sowel as Mnr. A. Venter baie hartlik geluk te wens met die pragtige vertolking van die onderskeie stukke nie.

Die vasvra het terdeë by almal byval gevind.

Ek wil die bestuur nogmaals gelukwens met die prestasie, en die hoop uitspreek dat hulle sal voortbou op wat bereik is.

Sterkte!
Die uwe,
DEBATSLID.

(Vervolg van Bls. 3, Kol. 2).

die Skepping wil verstaan, moet as gelowige in Hom ingelyf wees. Niemand kan beoefenaar van 'n Christelike wetenskap wees as Hy Christus nie as sy persoonlike Saligmaker bely nie. Hoof en hart moet saamgaan. Daar mag nie 'n dualisme wees nie.

Mag die Here gee dat aan die P.U. vir C.H.O. dosente en studente sal wees wat in Christus al die skatte van wysheid en kennis vind. Mag ons daarvoor bewaar word dat 'n filosofie na die oorlewering van mense, 'n nietige misleiding (Koll. 2:

(Vervolg op Bls. 9, Kol. 2).

STUDENTE!
WELKOM KAFEE
VIR AL U VERVERSINGS.

## Die Don Juan.

Met 'n stap soos die van 'n balletdanseres stap Marassas na die telefoon-hokkie. eMt een swierige swaai van sy magtige arm lig hy die gehoorstuk van die mikkie af.

„Nommer asseblief" vra die sentrale. Marassas se moed begeef hom byna, maar met 'n wilskrag soos dié van 'n safari-donkie vra hy: „Nommer asseblief."

„Watter nommer wil u hê, meneer?" vra die stemmetjie aan die ander kant. e Weer begeef sy moed hom byna.

„Watter nommers het julle daar?" vra hy.

„D . . . . , meneer . . . ."

Maar Morassas was lankal nie meer in die hokkie nie.

**BELANGRIKE AANKONDIGING.**

**Wil u graag een ghienie (£1 1s.) verdien—of miskien vier ghienies (£4 4s.)????? Wel „Die Pukkie" bied die geleentheid. Vier pryse van een ghienie (£1 1s.) word deur die „Pukkie" toegeken vir die persone wat die beste stof inlewer vir elk van die volgende:—**

**(1) £1 1s. vir die 10 beste brokkies Studentevaria.**

**(2) £1 1s. vir die beste kort grappige artikel.**

**(3) £1 1s. vir die 10 beste grappige brokkies oor enige iets behalwe die Studentelewe.**

**(4) £1 1s. vir die meesgeslaagde tekening of karikatuursketѕ.**

**Bydraes moet voor of op 10 Mei ingelewer word by enige van die volgende lede van die redaksie:—**

**Mejje. L. van R ooy, R. Pelser en H. van Wyk.**

**Mnre. V. E. d'Assonville, P. Henning, P. G. W. du Plessis en J. Grobler (Heimat).**

**V. E. d'ASSONVILLE,**
**(Hoofred. „Die Pukkie.")**

As jy verlief is moet jy verlief neem.

## WOMEN.

Some women tell fortunes—all help to spend them.

* * *

The most curious thing in the world is a woman who isn't.

* * *

A man laughs when he thinks his wife is amusing; a woman laughs when she thinks her husban thinks he is amusing.

* * *

It is better to be single and dream, than to be married and wake up.

Being in love is like going to the dentist—one is so happy when it is all over.

* * * *

To a woman at eighteen marriage is an adventure; at twenty—two a career; at thirty a goal; and at forty a haven.

* * * *

Spendthrift wives have made more husbands than they have broken—their husbands are compelled to work.

* * *

Platonic friendship ss that state of love in which the man is still wondering whether he dare kiss the girl.

(Vervolg van Bls. 8, Kol. 3).

8) ons van hierdie bron van wysheid en kennis beroof!

Mag ons deur noeste vlyt en deur volkome toewyding aan ons volk toon watter krag uit hierdie belydenis kan uitgaan.

S.d.T.

**PUKKE, BESOEK**

VERONICA-EETKAMER

vir

**HEERLIKE VIS EN ERTAPPELS!**


* * *

Eienaar: J. P. AUCAMP.
**Lombardstraat 29B,**
**POTCHEFSTROOM.**

GAMSU-SLAGTERY

(Eienaars: Randse Koelkamers).
Telefoon 76. Posbus 166.
Direkteure:
E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.
**Kerkstraat 72,**
**POTCHEFSTROOM.**
Ons verskaf die beste kwaliteit
**VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.**

**Bespaar Tyd, Kragte en Skoene**
deur 'n



aan te skaf.

C. VAN DER MERWE,
**FIETSHANDELAAR.**
**Kerkstraat 92, Potchefstroom.**

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

allernuutste waarby ingesluit die modieuse „Cold Perm."

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Agente vir
**SIGARETTE, TABAK EN FANTASIEGOEDERE.**

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

SPRINGBOK SKOENREPARASIE

ONS LEWER DIENS MET SPOED GEKOMBINEER.

Kerkstraat 51. Foon 1075.
POTCHEFSTROOM.

DU TOIT & ELOFF
(Edms.) Bpk.

J. M. BRINK,
Alleen Bestuurder.

MANS KLERASIE EN KRUIDENIERSWINKEL.

Spesiale Afslag aan Studente.

KOM SIEN ONS
vir u
FOTOGRAFIESE-
en
APTEKERSBENODIGDHEDE.

GEEN EN VELLEMAN,
King Edwardstraat 124,
POTCHEFSTROOM.

*Wetenskap en Kuns.*

# DIE GEWETENSKLOUSULE

Deur Wet Nr. 12 van 1916 word die „Universiteit van de Kaap de Goede Hoop" en ander instellinge, nl. „Het Transvaalse Universiteitskollege," „Het Natalse Universiteitskollege(55 „Het Rhodes Universiteitskollege," „Het Grey Universiteitskollege," „De Zuid Afrikaanse School voor Mijnwezen en Technologie" en „Het Hugenoten Kollege" verhef en ingelyf as 'n federale universiteit. **Artikel 25 van hierdie wet bevat die sgn. „Gewetensklousule" en lees: „Niemand mag op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoetst worden als voorwaarde om gegradueerde van de Universiteit, of professor, lector, docent of student van de Universiteit te worden of blijven of om daarin een ampt, emolument of voorrecht te bekleden of te genieten, zullende tevens aan niemand de voorkeur gegeven of een voordeel onthouden worden op grond van zijn godsdienstige gezindheid."**

Uit regsoogpunt beskou, neem hierdie artikel 'n volslae neutrale standpunt in, want niemand mag 'n voordeel gegee of 'n voordeel onthou word omrede sy godsdienstige oortuigings nie.

Intussen het die P.U.K. uitgebrei, en kon onmoontlik nie weer voortgaan op die steun van die Geref. Kerk alleen nie.

Op Colesberg in September 1920 het 'n Sinode van genoemde Kerk dan vergader en besluit dat P.U.K. by die Universiteit van Suid-Afrika ingelyf sal word, maar dat daar steeds getrag moet word om „die tradisionele beginsels en karakter" te handhaaf.

Deur Wet Nr. 25 van 1921 word P.U.K. dan ook by die Universiteit van Suid-Afrika ingelyf, onderhewig natuurlik aan die oprigtingswet van lgn. Universiteit, m.a.w. onderhewig dus aan Art. 24, Wet 12 van 1916. Met hierdie inlywing moes die valle naam van P.U.K. ook prysgegee word, en die „voor Christelike Hoger Onderwijs" het weggeval.

Ingevolge die opdrag van die Sinode hierbo genoem moes „die tradisionele beginsels en karakter" nie prysgegee word nie. Die karakter van P.U.K. was nog altyd bepaal deur die „vir Christelike Hoër Onderwys," en die beginsels van P.U.K. was reg in stryd met Art. 25, Wet 12 van 1916. Iets moes dus gedoen word om die toestand te verbeter.

In 1933 word 'n wet dus gepasseer wat P.U.K. weer die „C.H.O." teruggegee het. Die gewetensklousule het egter bly bestaan.

Intussen het P.U.K. uitgebrei tot 'n groot universiteit, wat volgens die bevinding van 'n kommissie, groot genoeg geword het om 'n selfstandige universiteit te wees.

Dit bring ons tot by laaste fase in die lewe van die gewetensklousule. In die „Private Wetsontwerp op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys," gemerk (VW. 14—'50), word die volgendebepaal, Art. 31:

„(1) Die Raad moet by die benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dra dat die christelike historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word: Met dien verstande dat geen denominasionale toets toegepas word nie as voorwaarde . . . ." ens.

(Vervolg op Bls. 10, Kol. 2).

PUKKE
IS ALTYD HARTLIK WELKOM BY
UNIEWINKELS
AS HULLE IN JOHANNESBURG IS.
ONS VOORSIEN REEDS:—
- P.U.K.-KLEURBAADJIES.
- P.U.K.-DASSE.
- P.U.K.-VOETBALTRUIE EN KOUSE.

UNIEWINEKLS BPK.
Kerkstraat 45. JOHANNESBURG. Foon 22-4746.

# SKITTERENDE ATLETIEK-BYEENKOMS.

## Veertien rekords spat.

**Die jaarlikses atletiek-byeenkoms van die P.U.K. was seker een van die mees geslaagdes wat die afgelope paar jaar alheir gehou was. Dit was weereens 'n bwys daet die P.U.K. stadigaan besig is om ook op die gebied van sport bekend gaan maak deur middel van prestasies.**

Na veel moeite is 'n dag bepaal waarop ons die byeenkoms kon hou. Aanvanklik het dit geskyn asof die byeenkoms nie gehou sou kon word nie. Die reën het telkens uitgesak, en ampsdraers, atlete en toeskouers het soos hoenders van die veld af genael om skuiling te soek. Tog het die weer ons kans gegee om die items almal te laatplaasvind, dog op 'n nat baan. Die prestasies is gevolglik aanmerklik belemmer.

Nieteenstaande al die probleme het ons 'n aangename byeenkoms gehad, en het daar nege rekords gespat:—

**Mej. S. du Preez** het vier rekords geslaan, nl.: Werpskyf, wat verbeter is van 85vt. 6dm. na 94vt. 4dm.; Spiesgooi, verbeter van 75vt. 9dm. na 95vt. 10dm.; 80 Meter Hekkies van 15.4 sek. na 12.7 sek.; Hoogspring van 4vt. 8dm. na 4vt. 9dm.

Verder het **N. W. Nel** die 100 treë verbeter van 10.3 na 10.2 sek., die 220 treë van 24.2 sek. na 23.6 sek.

**Mej. R. Loedolff** het mooi gehardloop, en die 100 treë verbeter van 12.3 sek. na 12.2 sek.

'n Verdere rekord is dié van **W. C. Brink** wat 'n nuwe O.19 driesprong rekord, nl. 28.6 sek. Die staande rekord was 29 sekonde.

**Dit dien hier vermeld te word dat W. A. Nel gekies is om die P.U.K. op die Junior-Unie-Kampioenskappe, wat op 31 Maart en 1 April gehou is, te verteenwoordig. Ook H. C. Boshoff is gekies vir die Senior-kampioenskappe wat op 8—10 April gehou is.**

Dit is vir my 'n plesier om al die sportklubs te bedank vir hul ondersteuning. Hulle het hul oefen-tye opgeoffer om ons byeenkoms te laat slaag. So hoort dit.

Dan wil ek al die ampsdraers bedank vir hul opoffering en goeie werk.

Ten slotte my waardering aan die Dep. van Ligg. Opv. vir die apparaat wat aan ons so goedgunstiglik geleen is.

---

(Vervolg van Bls. 10, Kol. 3).

(2) Niemand word oy grond van sy geloofsoortuiging verhinder om 'n student aan die Universiteit te word..." ens.

Hierdie artikel hou in dat 'n **positiewe standpunt** ingeneem mag word wat die Christelike historiese karakter van die universiteit betref, m.a.w. P.U.K. kan bv. die wetenskap beskou uit 'n Christelike oogpunt, en verder nog, is dit deur wetgewing bepaal dat dit gedoen **moet** word. Volgens Art. 39 (iv) van dieselfde wet beteken „denominasionale toets" die vereiste van lidmaatskap van enige Christelike kerk. Dus: 'n Lektor kan nie ontslaan word omdat hy 'n Metodis is nie, maar wel omdat hy 'n Kommunis is.

**Die volle betekenis van Art. 31 van die Private Wetsontwerp is dan dat die P.U.K. hom kan uitleef sonder enige beperking in daardie rigting wat vir hom bepaal is in sy ontstaan te Burgersdorp, 29 November 1869.**

W. ELOFF.

### LOVE.

Love is a thing,
You can never explain
It tickles your heart,
And condemns your brain.

K.Y.S.

# P.U.K.-DAMES!!

((OPE BRIEF).

Aansoeke om 'n „case": Hiermee wil Mnr. Fanie Bothma aansoek om 'n „case" doen. Waarom? (Wel, ek weet nie. 'n Paar van die dames het hom glo onder hande gehad). Dit word onder die dames vertel dat die P.U.K.-mans leë doppe is, daar is geen inisiatief onder hulle nie—'n gees van laksheid en slapheid het hom van hulle meester gemaak en dit nogal wat die sleep van dames betref!(?)

Mnr. Bothma, so word verstaan, is 'n kêrel met 'n baie groot hart— en baie klein gemoed. **Daarom doen hy die aansoek.** Hy kan nie gaan kies nie want dan is die ander vir hom kwaad. Hy is glo baie bang vir 'n telefoon (glo eendag 'n afjak gekry!) Mnr. Bothma verkeer in blye afwagting. Dis julle kans, dames, hy is 'n gawe ou, net jammer . . . . dat hy so baie grappe het. (Sy gesig is die grootste).

„SOMEONE."

---

**Ferfdi,** "I say, Bolton, you were on a bad spree last night!"

**Bolton,** "Yes, I was, bless me if I wasn't lying in the gutter with a pig. Father Herselman came along and said, 'One is known by the company one keeps.'"

**Ferdi,** "And did you get up then, Bolly?"

**Bolton,** "No, but the pig did. He still had a sense of honour."

---

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

dat ons wetsadviseurs sy formulering feitlik onveranderd aangeneem het, so goed dat die Gekose Komitee van die Volksraad skaars vyf woordveranderinge (van geen betekenis nie) kon invoer. Ons wetsontwerp is dan ook so onverander deur die Volksraad en nou ook deur die Senaat aanvaar.

**Om 'n wetsontwerp op te stel is geen kinderspeeletjie nie, maar om 'n wetsontwerp vir 'n Christelike inrigting aanneemlik te maak is inderdaad geen mensewerk nie.**

Prof. Postma het in sy ontwerp klousule 31(a) ingevoeg waardeur die ou gewetensklousule vir ons inrigting vervang sou word deur 'n klousule wat aan ons inrigting sy Christelik historiese karakter sou wettig. Hierdie artikel is met die grootste sorg geformuleer deur ons rektor en aanvaar deur ons Senaat en Raad. By die voordrag van die klousule voor Senaat en Raad alhier het prof. Postma hierdie finale besluit gestel: „met die klousule staan of val ons." Dit was nie sommer ydele woorde nie: onder die ou gewetensklousule kon ons as selfstandige universiteit nie voortbestaan nie. Dit het prof. Postma en sy medewerkers doelbewus aanvaar. As die klousule van ons deur die Parlement sou gewysig geword het, sou ons die status van 'n selfstandige universiteit nie aanvaar het nie. Die handhawing van ons klousule 31(1) was dus van lewensbelang vir ons inrigting, vir ons rektor en vir ons hele personeel.

Maar prof. Postma het ook weer hier getoon wat dit beteken om 'n ware gelowige te wees: hy het gewerk en gebid, gebid en gewerk. Vir maande lank het hy in Kaapstal gebly om ons Volksraads- en Senaatslede te oortuig van die reg van ons saak. En die Here het sy arbeid op sy en ons gebede met Sy seën bekroon.

Prof. Postma het ons inrigting nou deur drie krisistye in sy bestaan met seën deurgeloods: by wetgewing in 1921, in 1933 en nou in 1950. Hy ken die binnekant van 'n wet maar ook ie binnekant van wetgewende vergaderings. Was dit nie vir hom—sy persoonlikheid, sy wysheid, sy takt, sy opregtheid, sy kinderlike geloof—, sou ons wet nie so glad deur die Parlement gegaan het nie!

**Ons eers hom vandag as dienskneg van ons Hemelses Vader, wat dit so beskik het dat prof. Postma juis nou aan die roer van sake is. Ons dank hom vir al die werk, en ons wens hom net een ding toe: mag die Here hom nog verder seën!**

J. CHR. COETZEE.

---

(Vervolg van Bls. 4, Kol. 3).

Mev. A. Bohlken-Ham en Mnr. David Müller. Beide soliste het die gehoor in sprakelose vervoering gehou. Jammer is dit dat Mev. Bohlken-Ham van die boek af gesing het, want dit het 'n bietjie hinderlik aangedoen by die gehoor. Spesiale vermelding verdien Mnr. M. C. Roode vir die bekwame wyse waarop hy die begeleiding waargeneem het. Dit was in een woord gesê: uitstekend! Dit wil voorkom asof Mnr. Müller die ontroering van die kunstenaar, waaraan die **Fantasie in F. mineur van Chopin** sy ontstaan te danke het, sy eie gemaak het. Het die solis nie dan werklik sukses in sy vertolking bereik nie!

By die informele partytjie gehou in die Burgemeester se ontvangkamer na afloop van die opening, het Mev. A. Nel, voormalige burgemeesteres die heildronk ingestel op die Konservatorium, waarop Prof. Coetzee geantwoord het. Leerkragte van die Konservatorium en lede van die Stadsraad het gesellig hier saam verkeer.

DANIËL F. ERASMUS.

**Ook Donald Campbell** is besig om sy naam „Don" uit te lewe terwyl die „Juan" ook besig is om in hom te ontluik.


# GILFILLAN EN STROH

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN FIETSREPARASIES

# L U C I L L E

DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

T. H. BOLTON (Edms) Bp.

**BOU-AANNEMERS.**

VIR ENIGE WERK IN WES-TRANSVAAL.

**Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718,**
**POTCHEFSTROOM.**

**Die Firma van**
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**

Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**

Ook vervaardig ons **FOTO-RAME.**

DAVY ROBERTSON

Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION

Agents for

**KAISER-FRAZER MOTOR CARS AND FEDERAL TRUCKS.**
**Automobile Repairs — Petrol, Oils, and Greases.**
**Re-boring, Welding, Battery Charging, Spares, Accessories.**

**Phone 229.** **166, King Edward Street,**
**POTCHEFSTROOM.**